I N D E P E N D E N T

C O R P O R A T E R E C O V E R Y A D V I S O R S

Independent Trustees (Eiendoms) Beperk (Reg Nr 2002/025164/07)
Blaauwklipkantoorpark Blok 2 Webersvalleiweg Jamestown
Stellenbosch 7600 (Ook te Roodepoort)
Posbus 820 Stellenbosch 7599
Telefoon: (021) 880 5400
Internasionaal: (+27) 21 880 5400
Faks: (021) 880 5430
Webadres: www.corprecover.co.za

U Verw:

Ons Verw: **RYNETTE PIETERS**

Direkte Lyn: **021 880 5400**

Direkte Faks: **021 880 5430**

Selfoon:

Direkte E-pos: **rynettep@corprecover.co.za**

Datum: **09 November 2009**

AAN ALLE BELEGGERS & SKULDEISERS

Geagte belegger / skuldeiser

BIZ AFRICA 1332 (EDMS) BEPERK h/a KINGS FINANCIAL HOLDINGS (EDMS) BEPERK ("IN LIKWIDASIE") EN FILIALE REGISTRASIENOMMER 2001/006894/06 MEESTERSVERWYSING NOMMER C721/2009

1. Ons verwys na die bogemelde aangeleentheid en na navrae met betrekking tot die omstandighede waaronder beleggers/skuldeisers aanspreeklik mag raak vir 'n kontribusie.
2. 'n Stelling op die webblad van ' n sogenaamde "Beleggers Forum" met betrekking tot 'n moontlik kontribusie verduidelik nie ten volle die presiese aard en basis waarop 'n kontribusie in die likwidasieproses op konkurrente skuldeisers (nie alleen beleggers nie) gehef kan word nie.

3. 'n Kontribusie word op konkurrente skuldeisers gehef ingevolge die bepalings van Artikel 106 van die Insolvensie Wet 24 van 1936 gelees met die bepalings van die Maatskappyewet.

4. 'n Kontribusie word gehef:

   4.1. Op konkurente skuldeisers indien hulle eise **bewys** is by 'n statutêre vergadering van skuldeisers; en
   4.2. Indien die opbrengs van die bates van die maatskappy wat gelikwideer word nie genoeg is om al die kostes van administrasie (nie **net die likwidateursfooie nie**)

Direkteure:
JF Klopper B Com B Proc R Pieters B* Econ LDR Van der Merwe* B Com LLB
MJ Maseko B Juris LLB HA Plaatjies* B Juris LLB
* Lid van die Association of Insolvency Practitioners of Southern Africa ("AIPSA")

te dek nie.

5. Met ander woorde, waar daar geen vrye oorskot (bedoelende bates wat nie onderworpe is aan aan enige beswaarding is nie of die surplus van bates nadat die verbandhouer ten volle betaal is) in die boedel of in die insolvente maatskappy bestaan nie of indien die opbrengs van die vrye oorskot nie genoeg is om al die onkostes, uitgawes en heffings soos in die Insolvensie Wet na verwys word soos:

   5.1. die balju se kostes sedert likwidasie;
   5.2. die fooie betaalbaar aan die Meester van die Hooggeregshof met betrekking tot die likwidasie;
   5.3. die getakseerde kosterekening van die prokureurs wat die aansoek om likwidasie gebring het; en
   5.4. die vergoeding van die likwidateur

   te betaal nie sal konkurrente skuldeisers wat eise bewys het teen die boedel gevra word om hulle pro rata gedeelte van die kostes wat nie gedek word nie te betaal by wyse van ‘n kontribusie.

6. Vir goeie orde verduidelik ons dit as volg:

   6.1. Gestel ‘n klein maatskappytjie word gelikwideer en die bates lewer ‘n minimum bedrag van R 20 000,00 (Twintig duisend rand) op terwyl die koste van likwidasie waarna hierbo verwys word inderdaad R25 000,00 (Vyf en twintig duisend rand) beloop.
   6.2. onder hierdie omstandigthede sal die konkurente skuldeisers wat eise bewys het op ‘n pro rata basis aanspreeklik wees om die tekort, in hierdie voorbeeld die bedrag van R5 000,00 (Vyf duisend rand), te dra.

7. Wat baie duidelik uit die King aangeleentheid is, is die volgende:

7.1. dat dit hoogs onwaarskynlik is dat enige van die King maatskappye onvoldoende bates sal hê om die likwidasiekostes te dra.

7.2. Dat, die waarde van die bates, op ‘n slegste scenario, soos in die brief van Eversheds van 3 Julie 2009 namens die groep uitgespel word, R350 000 000,00 (Drie honderd en vyftig miljoen rand) is.

8. Onder hierdie omstandighede glo ons nie dat daar enige realistiese gevaar van ‘n kontribusie in enige van die maatskappye in hierdie groep is nie.

9. Wat die likwidateurs beoog om te bereik deur eisdokumente van elke belegger/krediteur te verkry is om die presiese laste van die groep te bepaal.

10. Die likwidateurs sal onder omstandighede waar dit baie duidelik is dat ‘n gevaar bestaan dat ‘n kontribusie op konkurente skuldeisers gehef mag word geen eise vir bewys by ‘n statutêre vergadering van krediteure indien nie.

11. Ons vertrou dat wat hierin vervat word die aangeleentheid beter verduidelik en dat u sal verstaan dat ‘n kontribusie nie net betrekking het op likwidateursfooie nie maar inderdaad betrekking het op alle kostes in ‘n likwidasie en ook slegs gehef sal word onder omstandighede waar ‘n maatskappy geen onbeswaarde bates besit nie.

12. Indien u enige verdere navrae in hierdie verband het nooi ons u uit om sodanige navrae skriftlik aan ons te rig en welke navrae ons met graagte sal antwoord.

Die uwe
INDEPENDENT TRUSTEES (EDMS) BPK

RYNETTE PIETERS
GESAMENTLIKE LIKWIDATEUR